

**Maandag 24 Oktober**

**Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 4:16 – 5:10**

**Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 5:6-7**

**In die geloof sekerheid van die hemelse heerlijkheid**

Die brief aan die Korintiërs word geskryf te midde van die werklikheid van swaarkry. Daaglik. Vandag is daar talle Christene wat weens hulle geloof vervolg of benadeel word.

Daar is ook ander swaarkry. Ouderdom wat liggaamskragte laat afneem, sig verswak, ore word dof. Terminale siekte, gepaard met onhoudbare pyn. Kinders met aangebore gebreke of ernstige beserings, wat hulle hele lewe verander.

Wat was die apostel Paulus se geloofsreaksie? In 2 Korintiërs 4 sluit hy af: *“Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op ’n heerlijkheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly.”* Die heerlijkheid is soos ’n ewige huis met vaste mure teenoor ’n tydelike mankolieke tent van swaarkry. Die wonderlike sekerheid is nie net die vaste woning by God in die hemel nie, maar dat ons in Christus daar woonplek het. Dit was immers Jesus se belofte: *“Ek gaan om vir julle plek gereed te maak in my Vader se huis”* (Joh. 14:2).

Daarom is daar geen moedeloosheid oor swaarkry nie. Nie dat ’n mens die lewe op aarde omwens nie, of dat ’n mens onvergenoegd is oor jou beproewinge wat jy moet deurmaak nie. Allermens! Die sekerheid van die hemelse heerlijkheid gee juis krag en motivering om elke dag in diens van die Here voort te gaan. Vreesloos, nie moedeloos nie. *“... of ons hier woon of daar woon, ons het net een wens, en dit is om te lewe soos Hy dit wil”* (2 Kor. 5:9).

Mag jy ook in jou swaarkrydae hierdie vaste geloof behou dat dit wat ons sien, nie al is nie. Nee, deur die geloofsoog sien ons tot by die vaste woning, die heerlijkheid wat verreweg meer inhou as die swaar van hierdie wêreld. Bemoedig jou medegelowiges met ’n helder lig teenoor die donker van die wêreld.

*Sing: Skrifberyming 18-6: 1, 3, 4*

*Dr. WC Opperman (Callie) (emeritus)*